1 November 2026
Oggend diens
Voorafsang: Ps. 138:1
Sing: Ps. 107:1,3; Ps. 107:10; Ps. 48:4; Skr. 17:1,6; Ps. 118:1,13,14
Lees: Matt. 5:13-16
Teks: Matt. 5:16
Tema: Ons moet as gelowiges sout en lig in 'n bederfde en donker wêreld wees.
Die wêreld waarin ons leef.
Die gelowige kind van die Here het hoop in hierdie wêreld omdat hy die sekerheid het dat hy salig in die Koninkryk van die hemele is. Die salige kinders van die Here is geroep om in die bedorwe en donker wêreld roepingsgetrou te leef. Die sondige wêreldbeeld van die moderne mens is dat die mens gaandeweg besig is om te verbeter. Daarteenoor openbaar die Here aan ons in sy Woord dat daar niks goeds in die natuurlike mens na die sondeval is nie. Die heerlike verlossingsfeit is dat Christus ingetree het en hierdie situasie omgekeer het.
Die roeping waaruit ons leef.
Die kinders van die Here wat salig onder die regeermag van die Here leef word egter nie uit hierdie sondige en bose wêreld weggeneem nie, maar moet in die wêreld as sout en lig sy roeping uitleef. Sout was in die samelewing baie belangrik omdat dit bederf in kos gekeer het. Die bewarende funksie van sout word hier uitgelig. Lig het weer die doel om in die donker te skyn en daarom moet die profetiese getuienis van die gelowige sigbaar in die wêreld wees
Die doel waartoe ons leef
Dat ons in 'n bose en gebroke wêreld 'n roeping het om uit te leef kan ons die vraag laat vra hoekom die Here dit so bepaal het. Hoekom moet ons steeds in hierdie wêreld leef. Die doel waartoe ons leef gaan alles oor die verheerliking van die Here in sy koninklik heerlikheid en majesteit. Ons moet daarteen waak dat pons nie onsself uit die wêreld onttrek nie, maar ook nie dat ons in ons dienswerk die aandag op ons self te laat skyn nie. Alles wat ons doen en is dien tot die eer en heerlikheid van die Here alleen.

Aanddiens.
Sing: Ps. 48:1,4; Skr. 43:1,2,4; Ps. 138:1,2.
Lees: 2 Tim 3.
Teks: 2 Tim 3:16-17.
Tema: Deur die gesagvolle Woord word ons volkome toegerus vir ons dienswerk voor God.
Die Skrif is gesagvol vir ons toerusting.
Dit is alleen deur die Skriftuur en die natuur wat die Here hom aan ons bekend maak gemaak het. In die tyd van die Reformasie het die Roomse Kerk geleer dat die uitsprake van die Pous dieselfde gesag as die van die Skrif dra. Daardie uitsprake was nodig omrede die Skrif nie gesien is as die volkome openbaring van die Here nie. In die tweede brief wat Paulus aan Timoteus skrywe beklemtoon hy dat die Skrifte gesagvol en genoegsaam is. Hierdie Skrifte wat Timoteus se fondasie van sy opvoeding en bediening is, is vir hom nuttig want hy kan daaraan vashou en hy moet daarin volhard. Die gelowige is nie onderwerp aan wêreldse gesag nie, maar eerstens direk onder die gesag van die Here wat hy in sy Woord aan ons bekend gemaak het.
Die Skrif is volkome vir ons toerusting.
Benewens die feit dat die Skrif die gesagvolle Woord van die Here is, is dit ook vir di ekerk van die Here volkome en genoegsaam. Die gelowige kind van die Here wat in die amp van gelowige profeet, priester en koning is moet hy volkome toegerus wees om in hierdie diens te kan leef. Sonder die volkome toerusting uit die Skrif kan ons nie, ons roeping in hierdie lewe tot eer van die Here uitleef en uitvoer nie. Die Here het homself as ons volkome verlosser en saligmaker geopenbaar, en daarom gee hy aan ons sy volkome en genoegsame Woord om ons te vertroos en versterk.